## Les 3. Ons is die Here se beeld: Hy stel ons regtig as sy bestuurders op die aarde aan.

### 1.Twee belangrike verse in die Bybel.

Kom ons kyk na twee belangrike verse in die Bybel. Die eerste vers kom uit Genesis 1: "[27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. [28]Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

Die ander vers kom uit die boek Jesaja: "[13]Die ambagsman wat hout gebruik, meet met sy maatlyn en merk die beeld se buitelyne af. Hy bewerk hom met beitels en trek sy mate met 'n passer af. Hy maak hom in die vorm van 'n mens, 'n pragtige mens wat in 'n huis moet woon."

Die eerste vers wys ons dat God het ons op die aarde gesit. Dit is regtig. Ons is regtig op die aarde, dit is binne God se skepping, gesit en Hy het ons hier gesit.

Die tweede vers wys ons mense maak 'n beeld van God en dan sit hulle God binne in hulle huis.

Is dit regtig of is dit speel-speel? Mense sit God binne in huise! Dit is sommer speel-speel. Die regte een is God sit ons in sy skepping. Die speel-speel een is mense sit God in huise.

### 2.Ek kan my goed sit waar ek wil!

Kom ons kyk weer na ons voorbeeld: hierdie koppie met Timoun se gesiggie op.

Hierdie beeldjie van Timoun is myne. Ek hou hom in my hand vas. Dit is my besitting.

As dit my besitting is, waar kan ek hierdie beeldjie neersit?

Ek kan hierdie beeldjie neersit net waar ek wil. Ek kan dit in die kombuis neersit. Ek kan dit in die sitkamer neersit of sommer in my slaapkamer tussen al my ander speelgoed.

Dit is hoe dit werk!

As dit myne is, as dit aan my behoort, dan sit ek dit waar ek dit wil hê?

### 3.**Neersit beteken om "aan te stel".**

Wanneer die Here ons sit waar Hy wil, dan beteken dit nie ons word sommer net op 'n plek gesit om te staan soos mense beeldjies neersit nie.

Neersit beteken om aangestel te word. Dit is soos by die skool wanneer prefekte

aangestel word. Wanneer die skool kinders prefekte maak, dan moet hulle nie iewers by die skool gaan staan nie. Hulle kry die gesag om iets te doen. Hulle moet nou na ander kinders kyk en hulle moet die skool help.

Hulle kan hul self nie prefekte maak nie. Hulle moet aangestel word om prefekte te wees. En dit is die skool wat hulle aanstel.

**4.Die Here het ons aangestel om sy bestuurders te wees.**

Kyk nou weer na ons teksvers in Genesis: 28Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers ...!

Die Here het ons aangestel om die aarde te bewoon en te bewerk. Deel van die manier waarop ons die aarde moet bewoon en bewerk is om te heers oor alles wat die Here gemaak het.

Om te heers beteken nie om baas te wees nie. Dit beteken om te bestuur soos die Here wil hê die aarde bestuur moet word.

Dit is soos met prefekte!

Is prefekte die base by die skool of moet hulle help met al die reëlings en werk by die skool? Hulle moet help met al die reëlings van die skool. Hulle is nie base wat die reëls maak en doen wat hulle wil nie. Hulle help om die skool te bestuur.

Die Bybel leer ons dat die Here ons gesit het waar Hy ons wil hê: hy het ons bestuurders van die aarde gemaak.

Is dit regtig of is dit speel-speel? Dit is regtig hoe ons aangestel is deur die Here op aarde.

**5.Mense stel speel-speel die Here aan in hulle huise om net daar te sit.**

Kom ons kyk nou na die teks uit Jesaja! Hierdie oom werk met hout. Uit hout maak hy 'n beeldjie en dan sê hy hierdie beeldjie wat hy uit hout gemaak het, is sy god.

Nou is hierdie god sy god. Hierdie god is sy besitting. Hierdie god wat jou goed is, jou besitting of eiendom is, noem die Bybel 'n afgod.

En as hierdie afgod jou god is, waar kan jy jou god sit? En die antwoord is: "net waar jy wil." Hierdie oom gaan sit sy god in sy huis. Maar jy kan hom ook in die dorp in 'n tempel gaan sit. Jy kan hom in 'n bos, iewers op 'n berg of sommer iewers langs die pad sit waar mense loop.

En wat moet hierdie god daar in sy huis doen? Hy moet niks doen nie. Hy moet net daar staan waar hierdie oom hom gesit het. Hy stel hierdie houtbeeld nie aan as 'n god om iets te doen nie. Hierdie god moet net mooi lyk en die huis help mooi lyk.

Hierdie god is 'n versiering van die huis. Hy is neergesit om niks doen nie. Hy moet net die huis help mooi lyk.

**6.Regtig en speel-speel!**

Watter een is regtig en watter een is speel-speel?

Ons is die Here se beeld: Hy stel ons aan om die aarde te bestuur: om dit te bewoon en te bewerk. Hy stel ons aan as mense wat as mense die aarde bestuur

of

Die Here is ons beeld: ons stel Hom aan! Ons sit hom iewers neer om ons te help mooi lyk?

Dink weer aan prefekte?

Is dit kinders wat die Hoof aanstel om die hoof te wees of is dit die hoof en personeel wat prefekte aanstel? Wanneer jy dit omdraai en maak asof kinders die hoof aanstel, dan is dit sommer speel-speel speel.

**7.Mense maak vandag nog Jesus hul afgod!**

Mense maak vandag nog Jesus hul afgod. Hulle maak asof hulle vir Hom 'n blyplek moet gee om sommer net mooi te wees.

Kyk na hierdie sinne en dan sê julle is dit regtig of speel-speel!

- Jy moet Jesus in jou lewe kom laat bly!

Hoe klink hierdie een vir julle! Is dit god wat die aarde vir ons as blyplek gee of is dit ons wat vir God 'n huis gee waarin Hy moet kom bly! As ons vir Jesus ons lewe as 'n blyplek gee, dan maak ons hom ons besitting. Dan sit ons hom in ons lewe. Maar dit is net speel-speel godsdiens. Regte godsdiens is om te glo die Here het ons in sy skepping gesit. Ons sit Hom nie in ons lewe nie.

- Jy moet Jesus op die troon van jou hart sit.

Klink dit regtig of speel-speel? Dit is altyd maklik om dit self uit te sorteer. Sit ons Jesus op sy plek of sit Hy ons op ons plek? Kan ons Jesus op die troon van ons hart sit? Dit is sommer speel-speel want die Here sit opsy troon in die Hemel en dit is 'n regte troon. Jesus wat ons sit waar ons Hom wil hê noem die Bybel 'n afgod.

- Jy moet Jesus koning van jou lewe maak.

Is dit regtig of speel-speel? Dit is sommer speel-speel! Stel die Here ons aan om die aarde te bestuur. Die Bybel noem dit "om te heers oor die aarde"? Of stel ons Jesus aan om ons bestuurder te wees? Die Here is nie ons bestuurder nie. Ons is die Here se bestuurders. Jesus wat ons koning maak is sommer speel-speel koning. dit is sommer net die manier waarop ons onsself mooi laat lyk. Want hierdie Jesus wat ons koning maak kan niks doen nie. Hy is sommer net 'n mooi lyk koning.

Jesus is nie 'n mooi lyk koning nie. Hy is die Here wat Homself Here maak en Hy maak Homself Here van alles. Hy stel Homself as Here aan. Ons stel Hom nie as Here aan nie.

Regte godsdiens is om die Here se beeld te wees. Ons glo Hy stel ons aan in sy skepping en ons bestuur die aarde. Speel-speel godsdiens maak asof die Here ons beeld is: ons sit Hom waar ons Hom wil hê om sommer net alles mooi te laat lyk Nie om regtig iets te doen nie.